

# Skilpad en sy dop




Deur: Brigid Comrie

Illustrasies deur: Helga Hoveka



Skilpad was hartseer.  
Hy kon nie vinnig  
hardloop nie.



Skilpad het sy dop afgehaal.  
Hy was bly.  
Nou kon hy vinnig hardloop.



Hond wou vir Skilpad vang.  
Skilpad het weggehardloop.



'n Groot voël wou vir  
Skilpad vang.  
Skilpad het weggehardloop.



Dit het gereën.

Skilpad was nat en koud.

Hy het gebewe.



Skilpad het weer sy dop  
opgesit.

“Dis lekker om myself te  
wees!” het hy gesê.